Rooi spinnekop

Rooispinnekop hou van warm droë toestande soos in huise of op balkone en kom selde voor in die buitelug waar boompies se blare ook nat word wanneer die boompies natgemaak word. Rooispinnekop kom meestal op die *Acacia*-spesies met groter blare soos Knoppiesdoring voor. Tydens besmetting kan effense gelerige kolletjies op die bokant van die blaar waargeneem word. Aan die onderkant van die blaar sal daar roeserige kolletjies (rooispinnekoppies) wees, en soms self 'n fyn net van spinnerakke.

Rooispinnekop kan beheer word met 'n middel soos Chloor perriphos. Spuit veral die onderkant van die blare met 'n fyn mis onder redelike druk om die rooispinnekop deur die spinnerakkies by te kom.

Stamboorder

In die geval van Apiesdorings is die voorkoms van jong takkies wat oopgebars is en maklik afbreek by daardie punt opgemerk. Dit word veroorsaak deurdat 'n klein swart vlieg 'n eier naby die groeipunt in die stam lê. Die larwe wat 'n paar dae daarna uitkom vreet dan 'n tonnel in die jong stammetjie en later deur na die oppervlak. Sommige takkies herstel hierna hoewel dit 'n letsel laat terwyl ander takkies terugvrek tot by die punt. 'n Sistemiese middel soos Roger wat die aktiewe bestandeel dimethoate bevat kan gespuit word veral voorkomend indien die siektetoestand al voorheen waargeneem was. Bespuit kort nadat nuwe groei begin het, in die lente. Seël alle groeipunte om maklike besmetting te voorkom.

Miere

Miere in die bonsaituin kan behandel word met middels soos Dyant en Lindasol. Babapoeier kan ook effektief teen miere aangewend word deur dit op die grondoppervlak te strooi.

ALGEMENE WENKE VIR MEER SUKSES

* 'n Vergrootglas kom handig te pas by die identifisering van siektetoestande.
* Boompies behoort liefs nie gespuit te word as hulle as gevolg van droogte verlep is nie. Dit is veral belangrik by die gebruik van sistemiese middels.
* Spuit wanneer die waarskynlikheid vir reën laag is. Sistemiese middels neem tot agt uur om deur die plant opgeneem te word. Vermy egter sterk sonlig in die middel van die dag omdat dit veroorsaak dat sommige gifstowwe begin afbreek.
* Die gebruik van 'n spuitprogram by Akasias kan handig gebruik word in die voorkoming van peste. Die volgende program kan moontlik gevolg word:

  (a) In die winter as die plante sonder blare is, spuit die plante behoorlik nat (veral growwe stam) met 'n kontakgif soos chloor perrifos om gepanserde dopluise wat oorwinter op die stam te beheer.

  (b) Net nadat die plant in die lente uitgeloop het en vol nuwe groei is (ook nadat die plant gedurende die somer ontblaar is en weer geil uitloop) sal 'n bespuiting met 'n sistemiese middel soos Roger, peste soos